



Ons God is goed: Hy is vol van genade

U, Here, is 'n barmhartige en genadige God, geduldig, vol liefde en trou.

PS 86:15

Uit Sy oorvloed het ons almal **genade** op **genade** ontvang. God het die wet deur Moses gegee; die **genade** en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom **bekend**

gemaak.

JOH 1:16-18

Hy is genadig

1. Wees verlos van selfverwyte

Heb 10:22 Laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water.

2. Vra na nuwe lewe

Klaagl 5:21 Bring ons weer terug na U toe sodat ons weer vrede met U kan maak. Maak alles tussen ons weer soos dit vroeër was.

3. Word versterk deur Sy genade

Heb 13:9(a) Moet julle nie laat meevoer deur allerhande vreemde leringe nie. Die goeie is daarin geleë dat die hart deur genade versterk word, nie deur eetgewoontes nie.

4. Gesond-word is die gevolg van genade

Ps 147:3 Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde.

5. Wind Sy verlossings-genade

Joh 1:12 Aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.

6. Versprei genade !!

Gen 12:2 Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees.

Tog is die Here gretig om julle genadig te wees en wil Hy Hom oor julle ontferm. Die Here is 'n God wat reg laat geskied, en dit gaan goed met elkeen wat op Hom vertrou.

God is
'n
Vader

1. HY WEET
ALLES
(4/09/16)

2. HY IS ORAL
(11/09/16)

3. HY IS STERK
(18/09/16)

4. HY
VERANDER
NOOIT
(25/09/16)

5. HY IS
GENADIG
(16/10/16)

6. HY IS
SOEWEREIN
(23/10/16)

7. HY IS HEILIG
(30/10/16)

8. HY IS
GETROU
(6/11/16)

9. HY IS 'N
VADER
(13/11/16)



Praktiese toepassing

1. *Wat het jy geleer omtrent die Here?*
2. *Wat het jy vandag geleer omtrent jouself?*
3. *Watter aanpassing behoort jy te maak?*
4. *Met wie wil jy oor iets van hierdie boodskap praat?*
5. *Wat was vir jou moeilik?*
6. *Waarmee, vanuit hierdie boodskap, wil jy graag iemand anders bemoedig?*
7. *Watter teksversie kies jy om te memoriseer?*



Bybellees Weekprogram

'n Gereelde Bybellees-program is kosbaar. Bid elke keer vir hulp van die Here net voor en nadat jy 'n spesifieke gedeelte lees. Gebruik die volgende vyf vrae by elke gedeelte wat jy lees. *Moenie jou Bybellees affaag nie – neem tyd.*

- | | |
|-----------------|-------------|
| (1) Ef 5:1-14 | (Maandag) |
| (2) Gal 5:1-16 | (Dinsdag) |
| (3) Kol 3:1-16 | (Woensdag) |
| (4) Job 1 | (Donderdag) |
| (5) 2 Tim 2:1-7 | (Vrydag) |